Southern African Bird Atlas Project 2
Animal Demography Unit
University of Cape Town
Rondebosch
7701

Tel. 021 650 2330
Fax. 021 650 3434
E-mail: doug.harebottle@uct.ac.za
Web: http://sabap2.adu.org.za

Maart 2010

AAN WIE DIT MAG AANGAAN

Die tweede Suider-Afrikaanse Voëlatlas Projek (SAVAP2) is op 26 Junie in Pretoria geloods. Hierdie projek volg op die Suider-Afrikaanse Voëlatlas Projek (SAVAP1) wat vanaf 1987-1991 gestrek het. SAVAP2 hoop om voort te bou op die suksesvolle data insameling van SAVAP1 soos weergegee in die publikasie *The Atlas of Southern African Birds.* SAVAP 2 word geborg deur die Suid Afrikaanse Nasionale Biodiversiteit Instituut (SANBI), en word gesamentlik bestuur deur die Avian Demography Unit (ADU), van die Universiteit van Kaapstad en BirdLife South Africa (BLSA). Die voorlopige beplanning is dat die projek van Julie 2007 tot en met 2011 sal strek.

Die hoofdoel van SAVAP2 is om die impak van omgewingsveranderinge op die verspreiding en getalle van voëlspesies in Suid-Afrika, Lesotho en Swaziland oor die laaste 15 jaar te monitor. ‘n Verdere doelstelling is om die publiek meer bewus te maak van voëls en hulle te betrek as “citizen scientists” by die insameling van data. Voëlliefhebbers kan deelneem deur ‘n lys van voëlspesies wat in ‘n vyf-minuut x vyf-minuut area (omtrent 7 km x 8 km) oor ‘n tydperk van vyf dae waargeneem is, op te stel. Hierdie inligting word dan na die ADU gestuur, waar die data in 'n sentrale databasis opgeneem sal word. Dit is belangrik dat deelnemers soveel as moontlik van die area sal dek, om sodoende te verseker dat die voëllyste 'n ware aanduiding is van die voëls wat in die betrokke area voorkom.

Eienaars of bestuurders van privaat eiendom kan ‘n belangrike bydrae lewer tot die sukses van SAVAP2. Deur byvoorbeeld deelnemers toegang tot privaat of ontoeganklike areas te gee, sal dit vir deelnemers makliker maak om soveel as moontlik van die betrokke areas te kan dek. Deelnemers word voorsien van SAVAP2 waarnemerskaarte wat aandui dat hulle geregistreerde deelnemers is en moet dit ten alle tye by hulle dra, sodat dit op versoek getoon kan word. As geregistreerde deelnemers het hulle ook onderneem om Birdlife South Africa se gedragskode te onderteken wat in die projek se protokol en gids uiteengesit is. Die gedragskodes sluit riglyne in om toestemming te verkry voor privaat eiendom betree word en hoe daar op sodanige eiendom opgetree moet word.

As u enige navrae of vrae oor SAVAP2 of ‘n SAVAP2 deelnemer het, kan u my by die ADU kontak.

Groete

DOUG HAREBOTTLE
Projek Bestuurder